Laerskool Park
Tel: 044 691 1020/1
E-pos: navrae@lspark.co.za
Webblad: www.laerskoolpark.co.za
Skoolhoof: Dr. A Smith
Kaapweg 49
Posbus 96
Mosselbaai
6500

# NASORGSENTRUMBELEID, REËLS EN REËLINGS

## 1. Doel van die nasorgsentrum

Om ‘n volhoubare en effektiewe naskooldiens aan die skoolgemeenskap te bied binne ‘n veilige, kindvriendelike en leerstimulerende omgewing. Die Skoolbeheerligaam beskou die nasorgsentrum as ‘n noodsaaklike diens wat gelewer word. Die doel van die nasorgsentrum is nié om as remediërende- of intervensiesentrum te dien nie.

## 2. Toelating

Slegs ingeskrewe leerders van Laerskool Park vanaf Graad RRR tot 7 kan toelating by die nasorgsentrum verkry.

Voornemende ouers moet die nasorgsentrum toelatingsvorm voltooi, waarna die leerder toegelaat sal word al dan nie.

Toelating is onderhewig aan die volgende:

- Plek beskikbaar by die nasorgsentrum
- Ouers se nakoming van hul finansiële verpligting teenoor die skool
- ‘n Leerder se gedragsrekord by die skool.

Die Beheerliggaam van Laerskool Park behou die reg voor om ‘n leerder toe te laat of uit die nasorg te sit, indien ‘n leerder die gedragskode van die skool verbreek of ouers nie hul finansiële verpligting nakom nie.

## 3. Nasorgsentrum personeel

Die bes beskikbare nasorgpersoneellede sal aangestel word. Voorkeur sal aan opgeleide onderwysers en onderwysstudente gegee word tydens aanstellings. Die nasorgsentrumpersoneel sluit die volgende in:

- Nasorgsentrumhoof wat verantwoordelik is vir die totale bestuur van die nasorgsentrum.
- Toesigouers wat verantwoordelik is vir toesig oor leerders en hulp met huiswerk.
- Algemene assistent wat verantwoordelik is vir die algemene netheid van die nasorgsentrumgebou en -terrein.
- Addisionele personeel kan op ad hoc basis aangestel word soos die Skoolbeheerliggaam dit nodig ag.

Die Skoolbeheerliggaam in samewerking met die skoolhoof bly oorhoofs verantwoordelik vir die nasorgsentrum.

## 4. Tye

Die nasorgsentrum sal op die volgende tye oop wees:

- Maandae – Vrydae
- Skoolkwartale: 13:00 – 17:30
- Skoolvakansies: 07:30 – 17:30 (Maart-April, Junie-Julie en September-Oktober)
- Die nasorgsentrum is gesluit op openbare vakansiedae, naweke en gedurende die Desember – Januarie skoolvakansie

## 5. Afhaal van leerders

Alle leerders moet **voor 17:30** afgehaal word by die Nasorghek. Geen ander hek mag gebruik word om leerders af te haal nie. Indien 'n kind **na 17:30 afgehaal word sal daar 'n bedrag van R50 per dag** by die rekening gehef word. Indien ouers 'n probleem het om betyds te wees moet die nasorgsentrumhoof vroegtydig in kennis gestel word.

Slegs persone met die nodige toestemming of magtiging mag leerders kom afhaal. Waar ander persone, behalwe die leerder se ouers die leerder kom afhaal moet die nasorghoof /toesighouer in kennis gestel word deur die ouer.

Leerders kan enige tyd deur die middag afgehaal word. Kontak die nasorgsentrumhoof of u kind se nasorgtoesighouer indien 'n kind vroeër gehaal gaan word. Dit sluit ook leerders in wat aan buite skoolaktiwiteite deelneem en daarna terugkeer na die nasorg. Leerders wat vroeër afgehaal word moet uitgeteken word.

## 6. Dagprogram

Leerders moet hul tasse na die nasorgsentrum neem, alvorens hulle na hul buitemuurse aktiwiteit/oefening beweeg. Dit is elke leerder se verantwoordelikheid om vir nasorgstudie op te daag. Graad RR – 1 leerders sal deur die nasorgtoesighouer by die klasse afgehaal word. Graad 2 – 7 leerders stap self vanaf die klasse na die nasorgsentrum. Toesighouers hou daagliks register.

| TYD | AKTIWITEIT | GRAAD |
|---|---|---|
| 12:15 | Graad RR en RRR leerders slaap in klas | RR en RRR |
| 13:00 | Graad R-1 leerders word by klasse gehaal | R – 1 |
| 13:30<br>(Vrydae – 13:00) | Graad 2-3 leerders word by klasse gehaal | 2 – 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 14:00<br>(Vrydae – 13:15) | Graad 4 – 7 arriveer by nasorgsentrum | 4 – 7 |
| 14:00 – 14:30<br>(Vrydae – 13:15) | Eet, verklee, besoek badkamer, kry alles reg vir huiswerkperiode | Alle grade |
| 14:30 – 15:15 | Eerste huiswerkperiode | 1 – 7 |
| 15:15 – 15:45 | Buitespel onder toesig | Alle grade |
| 15:45 – 16:30 | 2de Huiswerkperiode | 4 – 7 |
| 16:30 – 17:15 | Buitespel onder toesig *(leerders wat nog tyd vir huiswerk benodig kan langer in die klasse bly om dit te voltooi)* | Alle grade |
| 17:15 – 17:30 | Opruim in klasse en terrein | Alle grade |
| 17:30 | Vetrektyd | Alle grade |

Tydens toetsreekse en eksamens mag die dagprogram aangepas word om senior leerders genoeg tyd te gee om voor te berei.

## 7. Vakansieprogram

Vakansiesorg is beskikbaar op weeksdae vanaf 07:30 – 17:30 tydens die Maart-April, Junie-Julie en September-Oktober skoolvakansies. Die nasorgsentrum is nie tydens die Desember-Januarie skoolvakansie oop nie.

Die program sal per vakansie en aantal leerders bepaal word, onderhewig aan ‘n minimum aantal leerders. Fooie vir vakansiesorg is vooruitbetaalbaar per dag soos deur die Beheerliggaam van die skool bepaal. Leerders is verantwoordelik om hul eie eet- en drinkgoed saam te bring.

Die vakansieprogram word as ‘n uitbreiding van die die nasorgsentrum gesien, dus geld dieselfde gedragskode as tydens skooltyd. Leerders met ‘n swak gedragsrekord sal nie toegelaat word om aan die vakansieprogram deel te neem nie.

## 8. Algemene reëls

- Leerders mag nie die skoolgronde na skool verlaat nie, behalwe vir buitemuurse skoolaktiwiteite soos deur die skool gereël. (*Ouers is daarvoor verantwoordelik om die onderstaande vorm vir buitemuurse aktiwiteite te voltooi, sodat toesighouers kennis dra daarvan)*
- Elke leerder is verantwoordelik om sy/haar huiswerk te doen. Graad 1-3 kry hulp, maar ouers moet toesien dat dit wel gedoen is. Alhoewel daar ook hulp

vir Graad 4-7 leerders gebied word, moet hulle reeds selfstandig kan werk. Ouers moet steeds die werk saam hul kind/ers by die huis deurgaan vir kontrole en hersiening. Die finale kontrole van huiswerk bly nog steeds die ouers se verantwoordelikheid.

- Leerders moet genoeg kos en koeldrank of water saambring vir die middag. Alternatiewelik kan kos en lekkernye by die skool se snoepie gereël word.
- Nadat huiswerk voltooi is beweeg die Graad 1 tot 3 leerders na hul afgebakende speelplek en Graad 4 tot 7 leerders na die onderste speelterrein. **Geen leerders mag op 'n ander plek wees sonder toestemming nie!**
- Nasorgleerders moet asb. hul eie skryfbehoeftes, asook iets saambring om hulself mee besig te hou, indien dit reën. Leerders bring alle speelgoed op eie risiko.
- Leerders moet na middagstudie in die klasse, hulle tasse op voorgeskrewe plekke neersit, sodat hulle dit dan vinnig kan afhaal as die ouers hul kom afhaal.
- Geen leerder mag in die middag die skoolgebou betree sonder toestemming van die nasorghoof nie, behalwe vir buitemuurse aktiwiteite soos deur die skool gereël.
- **Geen selfone**! Indien 'n kind op **eie risiko** 'n selfoon saambring mag hy/sy dit slegs met die nasorghoof se toestemming gebruik om ouers te skakel.
- Nasorgleerders moet gewone klere saambring wat na skool aangetrek kan word. Die klere moet gepas wees vir middagaktiwiteite. Maak seker dat alle klere, kosblikke en sakke duidelik gemerk is. Die nasorgpersoneel reël self met leerders wanneer hulle gaan aantrek en eet.
- Die Gedragskode van die skool is ook van toepassing by die nasorgsentrum om goeie gedrag aan te moedig. Laerskool Park se Dissiplinêre beleid geld ook gedurende nasorgtye vir die leerders.
- Rig asseblief enige navrae of klagtes aan die nasorgsentrum hoof, ?? (voor 18:00 in die aand).
- U kind se veiligheid is vir ons 'n baie hoë prioriteit en ons versoek asseblief dat reëls nagekom sal word.

**9. Betalings:**

- **Maandeliks – R900 per leerder.** Gelde betaalbaar oor 10 maande en eerste paaiement teen 31 Januarie 2026. Gelde kan ook kwartaalliks (R2 250) of jaarliks (R9 000) betaal word.

- Vakansie nasorg beskikbaar teen R60 per halfdag (7:30-12:30) en R120 per voldag (7:30-17:30) vooruitbetaalbaar. **NB: Leerders bring eie eet- en drinkgoed.**

- Die volgende betalingsopsies is beskikbaar:
  - Kontantbetalings by kantoor.
  - Internetbetalings – gebruik **gesinsnommer en Nasorg** as verwysing.
  - Kaartbetalings by kantoor.
  - D6 betalingsmetode

- Gelde is stiptelik vooruitbetaalbaar voor die 5de van elke maand. Leerders wie se nasorgrekenings agterstallig is, sal nie toegelaat word nie.

- Indien ‘n leerder nie meer van die nasorgsentrum gebruik gaan maak nie moet ouers ten minste een maand skriftelik kennis gee. Indien kennis nie gegee word nie sal ouers steeds vir die nasorgrekening verantwoordelik gehou word.

Ouers en leerders se samewerking word hoog op prys gestel.

**Geteken te MOSSELBAAI op ________________________________.**

| | | |
|---|---|---|
| ____________________ | ___________ | ______________ |
| **Nasorgsentrumhoof** | **Skoolhoof** | **SBL Voorsitter** |

***NB:*** *Voltooi asb. die onderstaande strokie, asook die vorm vir buitemuurse aktiwiteite en stuur terug aan die Nasorgsentrumhoof.*

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

***AFSKEURSTROKIE: BELEID/REËLS/REËLINGS:NASORGSENTRUM – 2026***

Hiermee erken ek, __________________________________________ ontvangs van die

reëls en reëlings vir Nasorgsentrum op ________ Januarie 2026.

Naam en Van: ______________________________________________ Gr. _______

Naam en Van: ______________________________________________ Gr. _______

Naam en Van: ______________________________________________ Gr. _______

| | |
|---|---|
| _________________________ | ________________________ |
| Ouer/Voog Handtekening | Kontaknommer |

# BUITEMUURSE AKTIWITEITE

**NAAM VAN LEERDER: ________________________________ GRAAD: _______**

**Kwartaal: ______________**

Vul asb. u kind se buitemuurse aktiwiteite in. Dit sluit ook aktiwiteite buite skoolverband in, bv. dans, ekstra klasse/afrigting, ens., wat nie op die skoolterrein plaasvind nie.

| DAG | SKOOLAKTIWITEIT | BUITE AKTIWITEIT | TYD |
|---|---|---|---|
| **Maandag** | | | |
| **Dinsdag** | | | |
| **Woensdag** | | | |
| **Donderdag** | | | |
| **Vrydag** | | | |